gebed week
BID SAAM IN DIE GERIEF
VAN JOU EIE HUIS DEUR
DIE VOORGESTELDE
MATERIAAL TE VOLG.
BOEKIES BY DIE KERK BESKIKBAAR
OF VOLG OP FB
Alberton Suid
Kom Tuis

 Dag 1

Inleiding

Stephan Joubert skryf op e-kerk “Om te bid is een van die mees ooglopende maniere om te groei op jou geestelike reis. Lees jou Bybel, bid elke dag, het ons van jongs af geleer. Tog is baie van ons gefrustreerd met ons gebedslewe, of vind ons dat ons gebede nie die gewenste uitwerking het nie – wat daardie uitwerking ook al mag wees. Ons hoop is partykeer dat gebed soos ‘n magiese spreuk ons nader aan God sal bring, ons drome sal laat waar word, of bonatuurlike krag in ons eie lewens of die van ander sal ontsluit. Alhoewel al hierdie dinge altyd ‘n moontlikheid bly, is dit dalk tyd dat ons opnuut dink oor die rol en funksie van opregte gebed in ons lewens”.

Met ons jaar tema: **Méér God**, is gebed tesame met die Woord van God die bekendste en mees effektiewe manier om nader aan God te kom deur doelbewuste en gedissiplineerde geloofsgewoontes te kweek.

Hoekom gebed?

Gebed is ‘n belangrike geloofsgewoonte wat vanuit die Bybelse tyd voorgehou word. Ons sien dat Jesus self gebid het, en daarom moet dit dus ‘n belangrike wyse wees om méér God te beleef. In ‘n onlangse artikel van Kerkbode (gedateer 8 Januarie 2020) word berig dat “*Sowat 2 000 jaar ná Jesus sy dissipels leer bid het (Mattheus 6: 9-13), sukkel duisende mense klaarblyklik steeds daagliks met hierdie geloofspraktyk; volgens die soektogdata op die videowerf YouTube, ook deesdae die wêreld se tweede grootste soekenjin. Die vraag “Hoe om te bid?” is in Desember 2019 sowat 20 000 keer ingetik, het Dave Adamson, oftewel @aussiedave, onlangs op Twitter geskryf”.* Dit is kommerwekkend dat ons hierdie geloofsgewoonte dus nie aanleer vir ‘n jonger generasie nie en dat dit tog ‘n groot behoefte is by mense om te weet hoe om te bid en waaroor om te bid.

Hoe gaan ons hierdie gebedsweek inrig:

- Jy kan rustig die daaglikse artikel lees voor of na jou gebedstyd
- Stel vir jou ‘n tyd vas waar jy die minste onderbrekings gaan hê.
- Bid vir sake wat op jou hart is en mense wat op jou hart is.
- Maar aanvaar ook die uitdaging om elke dag nog iemand/iets by te voeg vir wie jy nie normaal weg sou bid nie (sien die volgende navorsing om meer inligting hieroor te kry)
- Leer jou kinders dat gebed nie net ‘n tyd is dat ons praat, praat en praat nie…maar ook stil wees en luister. Dit is ‘n reuse uitdaging vir jong kinders, maar dit is dalk tyd om die fondasie te lê deur jou voorbeeld.
- Ons kinders moet ons sien en hoor bid … dit is hoe hulle leer. Mettertyd kan ons hulle die verskil leer tussen private en publieke gebede.
- Gebruik jou verbeelding en raak kreatief: Skryf jou gebede neer, loop in jou tuin terwyl jy bid, bid saam as gesin, bid op ‘n plek wat vir jou spesiaal is, bid jou eie gebede, bid ook ander mense se gebede (in die vorm van ‘n gebedeboek), laai ‘n app af wat jou kan help (sien meer onder).

Dink hieroor- buite die boks dink oor gebed.

"Inner Room is 'n gebedsapp wat ontstaan het uit Pete Greig se 24-7 gebedsbeweging wat wêreldwyd aan die gang is. Inner Room 'n speellys het wat ingestel kan word volgens die tyd wat jy wil bid. "Die app sal dan sorg dat jy geen notifications of oproepe in daardie tyd kry nie. As 'n gelowige byvoorbeeld vir 3 minute gaan bid, is alles op jou selfoon vir 3 minute stil. 'n Stemopname begelei jou deur elke gebed. Byvoorbeeld: 'Now pray for your town, Wellington.' Jy bid dan in stilte of met sagte agtergrondmusiek. Die gebruiker word aan die einde van die stilte aangemoedig met frases soos 'now hear what God is saying to you' wat mens help om 'n innerlike stem te ontwikkel."

Nog 'n digitale antwoord op die vraag na leiding in gebed is die Centering Prayer-app.

"Gebruikers moet hul eie gebedsagenda opstel. Die app help dat jy as mens afskakel, stil word en vir 'n paar oomblikke net kan wees. Jy kan die stil-word-liturgie inkleur soos jy dit verkies. Opsies om van te kies is byvoorbeeld gebede, Skrifgedeeltes en ander leesstukkies. Die app se tyd kan ook gestel word afhangende hoe lank jy verkies om stil word. Hierdie app saam met asemhalingsoefeninge is vir my ook 'n sinvolle manier om jouself stil te kry en te luister wat binne jou opduik".

(Bron: Kerkbode artikel 8 Januarie, 2020)

Kom ons begin by jou voorneme om méér tyd met God te spandeer hierdie jaar. Ons gaan ‘n paar geloofsgewoontes moet kweek. In praktyk het ‘n mens 66 dae se volharding nodig om ‘n nuwe gewoonte te vestig. Hierdie is dus net ‘n poging tot aanmoediging.

Beantwoord die volgende vrae en skryf dit neer, want die oomblik as ‘n mens iets neerpen lê jy dit vas.

Hoekom wil jy meer tyd met God spandeer?

……
……
……

Wat is die goed wat verhinder dat jy tyd met God spandeer?

……
……
……

Wat moet jy uit die weg ruim/ ophou doen om meer tyd met God te kan spandeer in gebed?

……
……
……
……

Wat moet jy aanhou doen om meer tyd met God te spandeer?

……
……
……
……

Skryf ‘n gebed hier neer waarmee jy hierdie reis mee wil begin

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

 Dag 2

Hoe dink mense oor gebed.

In die volgende paar bladsye sal jy navorsingsresultate kry van ‘n ondersoek wat deur *e-kerk* gedoen is. Dit help ons om waardevolle insigte te kry oor mense se gebedslewe.

Vanuit hierdie data kan verskillende afleidings gemaak word (en van dit is nogal onrusbarend)

- Ons bid elke dag
- Ons bid vir kort tydjies op ‘n slag
- Ons bid by die huis
- Ons bid selde saam met ander mense
- Ons bid eerder vir ander as vir onsself
- Ons gee nie veel om wat gebeur as ons klaar gebid het nie.

Kortom som die *e-kerk* span dit om op om te sê dat moderne gelowiges oor die algemeen elke dag, vir ‘n paar minute, alleen by die huis, vir iemand of iets anders bid as hulleself, voordat hulle dan aangaan met die res van die dag.

Die data wys vir ons dat daar groot leemtes in ons gebedslewens bestaan wat die volgende aanbetref:

- Gebede wat onsself as die onderwerp plaas
- Gebede waarin ons eie transformasie as doel dien
- Gebede wat in gemeenskap met ander gelowiges gebid word
- Gebede wat opgevolg word met daadwerklike optrede
- Gebede wat persoonlike ontwikkeling teweegbring
- Gebede wat verhoudings en konneksie prioritiseer

Gebed vind plaas in ons eie gemaksones en daar word nie in ‘n dialoog getree met God wat dalk ons gedrag sal verander, of wat ons uit ons eie geestelike gemaksones sal neem nie. Gebed word nie as deel van ons alledaagse Christelike lewenstyl gesien nie. Gebed word gesien as ‘n nood-sms of nood-kreet wat gestuur word indien daar iets opkom wat ons aandag verg. Gebed is reaksionêr.

So kan ons gebede gesien word as ‘n “Please, God”. Dus, asseblief God! Help ons! Gee ons! Ons is die ontvanger wat deurgee wat ons graag wil hê. Moet gebed nie eerder ‘n manier wees om in ons verhouding met God te groei deur dialoog nie? Moet ons nie God kan verheerlik deur ons lewe van gebed nie? Moet gebed nie in gemeenskap geskied sodat God met ons werk deur medegelowiges om so ons lewe en gedrag aan te pas nie?

Tesame met die Skrif, noodverlening, en die gemeenskap van gelowiges, vorm gebed een van die kardinale boustene van ‘n gesonde en groeiende lewe van geloof.

Net so opbouend as wat gebed kan wees, net so ontnugterend en afbrekend kan dit raak wanneer gebed buite konteks, of met die verkeerde bedoelings aangewend word. Dan kan gebed oornag ontaard in ‘n wettiese verpligting, wat onregverdige uitkomste

verwag, en ‘n spoor van gelowiges agterlaat wat bloot siek en sat raak vir godsdiens, en die wat dit verkondig.

Natuurlik kan ons soos kinders kom, ons afhanklikheid van God verklaar en Hom in desperate oomblikke vertrou vir bonatuurlike ingryping in ons lewens. Maar as dit ons uitsluitlike manier van gesprek met God geword het, dan verloor ons die ander ewe belangrike gebedskomponent uit die oog – waar ons deurgaans en saam ander met God kommunikeer, waar Hy ons harte in gesprek met Hom verander, en waar ons dan prakties Sy hande en voete in die wêreld word.

Partykeer verander ons gebede die wêreld net soos ons vra, maar meestal is ons gebede veronderstel om ons te verander, en op ons beurt bring ons God se verandering na die wêreld.

Dit is ons gebed dat jy beide van die bogenoemde daagliks sal beleef, en dat jou geloofslewe só van krag tot krag sal gaan, dat jy ‘n lewende, lopende koninkrykskatalisator sal word, waar jy jou ook al bevind.

(verwerk, verkort en aangepas uit e-kerk se navorsing “Gebedsversoek”)

Besprekingsvrae aan die hand van die navorsing

Hoe lank bid jy op een slag?

Hoeveel kere per dag bid jy per dag?

Hoe bid jy?

Woorde uit jou eie hart
Gebede uit ‘n dagstukkie boek
‘n Teks gedeelte uit die Bybel
Gebedslys van die kerk.
Die Onse Vader gebed
Psalms of Spreuke
Tradisionele gebed (kinderdae

Waar bid jy die gereeldste?

Winkels
Restaurant
Huis
Werk
Kar
Aan tafel
Kerk
In die bad/stort

Watter tyd werk vir jou die beste om te bid?

Aand
Oggend
Deur die dag

Waarvoor bid jy die meeste?

Vir jouself
Vir ander

Vir wie bid jy die gereeldste?

Vreemdelinge	Kollegas	Medegelowiges
Familie	Vriende	Vir my man/vrou

Watter van die volgende faktore dryf jou om te bid:

Dit wat in die media gebeur	Iets wat in my dag gebeur het
Moeilike tye	karaktereienskappe (bv. Geduld)
Besluite wat geneem word	Krisis

Waarom BID jy?

Die Bybel sê so

Ek vertrou die Here

Ek weet nie aldag hoekom nie

Ek bid terwille van ander se geestelike groei

Ek het ‘n geestelike behoefte om te sien dat my gebede waar word

My gebede is ter versterking van my eie verhouding met die Here

My familie/vriende/kollegas het my gebede nodig

My gesondheid taan

Ek bid vir veiligheid

Ek bid vir my werk/ finansies

Ek bid oor kerksake wat my na aan die hart lê

Ek bid oor globale gebeure

Is gebed in die algemeen vir jou ‘n maklike taak om uit te voer? Waarom of waarom nie?

……
……
……

Na aanleiding van hierdie vraelys, watter veranderinge sal jy graag wil maak om jou gebedslewe te bevorder?

……
……
……
……
……

Skryf jou gebed vir vandag neer

aan die hand van die inligting wat vandag aan jou geopenbaar is.

……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

Dag 3

Hoe leer God ons bid.

Ek dink my eerste gedagte oor hoe God dink oor bidders en ons gebede, is dat God het nog altyd van eerlike mense gehou wanneer dit kom by gebed. Ek onthou as klein dogtertjie sou groot mense bid in hoogdrawende taal, ‘n verhewe stemtoon en selfs gepaste handgebare en ek sou dink, ek sal nooit só kan bid nie! Meestal het ek dan minderwaardig gevoel oor my eie geloof. Nie dat ek dit veroordeel dat mense mooi taal mag gebruik om hul harte uit te stort voor God nie, wil ek eerder die punt bestempel, dat jy kan maar kom, nes jy is. Die Here ken jou mos in elk geval! Hy weet tog wat in jou gedagtes aangaan (Psalm 139).

In die Bybel word daar baie gebede opgeneem van gelowiges. Die bekendstes in die Ou Testament is sekerlik die gebede van Dawid, Asaf en Moses. In die Nuwe Testament, die gebede van Paulus en die model-gebed van Jesus Christus self en ook van die kruiswoorde wat as gebede geuiter is.

Daardeur leer ons dat dit mense is, wat hierdie gebede gebid het. Mense met hul eie gebreke, sondes, drome en begeertes. Mense soos ek en jy. Ek het al dikwels ‘n psalm gevat of selfs onlangs een van Paulus se briewe, soos 1 Korintiërs 13 as ‘n gebed gebid. Mens identifiseer soms met ander mense se gebede, omdat daar soveel universele ervarings is aan ons menslike toestand.

Dis asof mens nou nog jouself nou en dan betrap dat jy nie regtig seker is oor hoe van jou verwag word om te bid nie…veral omdat mense so verskillend bid en die Bybel verskeie vorme van gebed aanbied. In tye van vreugde: lofprysing. Tye waar God aanbid moet word: aanbiddingsgebede. Voorbidding en seënbedes. Gelukkig het Jesus Christus self ook vir ons kom leer dat gebed belangrik is, gereeld moet gebeur en Hy los ‘n voorbeeld gebed deur die Onse Vader gebed.

In Lukas

Kom ons kyk eerstens na ‘n bietjie navorsi ng oor gebed:

Die maniere hoe ons bid, verklap die manier hoe ons glo God na ons kan, of wil, luister. Die navorsing wat deur e-kerk gedoen is toon aan dat gelowiges gereeld bid.

64% van respondente bid meermale per dag,

31% bid daagliks

Slegs 5% respondente het aangedui dat hulle meer kere per week bid.

Wanneer daar gebid word, gebruik 90% respondente hul eie woorde.

3% bid die Onse Vader

2% gebruik gebede uit dagstuk boeke of ‘n teksgedeelte uit die Bybel.

As ons ‘n bietjie kyk na hoeveel tyd mense afstaan aan gebede sien ons dat

48% se gebede is tussen 0-5 minute lank.

28% van die respondente se gebede is tussen 5-10 minute lank,

13% se gebede is tussen 10-15 minute lank.

Slegs 4% van die respondente bid 30 minute of langer.

Waar en wanneer bid ons?

Jesus het op die vreemdste plekke gebid. Altans, dis vreemd vir ons moderne verstaan van hoe gebed veronderstel is om te werk. Eenkeer het Hy tot bo-op ‘n berg geklim, en die hele nag daar in gebed deurgebring. ‘n Ander keer lees ons dat hy so ‘n desperate gebed gebid het, dat Sy sweet amper soos bloed druppels was, wat op die grond geval het.

As ons na Jesus se voorbeeld kyk, moet ons onsself afvra: hoe lyk ons eie gebedslewe? Het ons steeds dieselfde vrymoedigheid wat Hy gehad het, toe Hy spontaan in die markpleine en stadspoorte met God gesels het?

Die navorsing toon aan dat die meerderheid van die gelowiges by die huis bid (97%).

62% van die gebede geskied in die kar

49% in die kerk

47% by die werk

Slegs 22% van die respondente bid in ‘n restaurant

15% bid in die winkels.

Tog word daar 53% van die gebede deur die dag gebid:

Waar 23% in die oggend

En 20% in die aand gebid word.

80% van hierdie gebede is stil

En 87% respondente verkies om alleen te bid.

11:1 lees ons: “*En toe Hy op ‘n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het”.* Die dissipels was diep aangegryp en vandaar die lering wat Hy toe vir hulle gegee het en nou hier vir ons opgeteken is.

Wat Hy besonder beklemtoon, is dat opregtheid en intimiteit twee van die belangrikste elemente van gebed is wat God behaag.

Gebede wat nie die Troon haal nie.

Eers gee Hy twee voorbeelde van gebede wat deur God afgekeur word:

Eerstens dié van die Fariseër wat spesiaal op ‘n straathoek gaan staan en bid sodat sy “vroomheid” van vier kante af gesien en bewonder kan word. Terselfdertyd loer hy dalk deur skrefies oë om seker te maak dat daar darem gesiene mense in die omtrek is wat hom opmerk en hy nie sy energie verkwis nie. Sý gebed is bedoel vir die mens se oor en het as doel om homself te vereer en dit is ook al wat hy daarmee bereik. Dit is aards en bly in die lug hang saam met die stof van die aarde.

‘n Tweede tipe van oneffektiewe gebed is die heidense model waarmee gepoog word om die afgod met ‘n stortvloed van woorde om te praat of te oorrompel om die bidder se begeerte te bevredig. Die stroom van woorde herinner aan die geknetter van ‘n masjiengeweer. Onse God is die Almagtige, hoog verhewe bo enige vorm van manipulasie; Hy is ook die Regverdige en gee alleen dit wat Hy goed, reg en tot voordeel van die bidder ag. Hy weet dan ook sommer al vooruit wat die behoefte is van die bidder wat op pad is na Sy troonkamer.

‘n Derde tipe gebed wat nie suksesvol sal wees nie, is die versoek van ‘n haatdraende persoon wat vra dat God sy sondes moet vergewe. As ek vergifnis vra, moet ek gewillig wees om te vergewe, anders vra ek om onregverdig bo andere bevoordeel te word deur vergifnis te ontvang terwyl ek dit van ‘n ander weerhou. Dit is seker nie te vergesog om ook ander soortgelyke situasies hierby in te lees nie. Hoe kan ek byvoorbeeld vra dat die Vader my beskerm teen uitbuiting deur my werkgewer as ek op my beurt my ondergeskiktes uitbuit? Hoe kan ek vra om bevorder te word as ek te lui is om hard te werk? En hoe kan ek Hom vra om in my materiële behoeftes te voorsien as ek te suinig is om in andere se behoeftes te voorsien terwyl ek in die vermoë is om dit te kan doen? Die latynse woorde “lex orandi, lex credenda” sal my altyd by bly… “BID EN WERK”. Ons kan bid, maar daar word ook van ons verwag om tot aksie oor te gaan in my gewilligheid om te groei en te transformeer.

Wat is van die persepsies oor gebed wat jy het wat jou dalk negatief instem oor die saak van gebed?

……
……
……
……

Belangrike grondbeginsels van gebed.

Wat dan is Jesus se model van die gebed wat God behaag? Hy gee die volgende riglyne:

Dit moet soos ‘n pa – seun gesprek wees. Die woord “Vader” kom 9 maal voor in hierdie 18 verse. Dit sê mos vir ons iets.

In gebed gaan dit eerstens om die diepte van die verhouding en nie om die gebruik van die regte welluidende woorde nie. Die wagwoorde is “opregtheid” en “intimiteit”. Ons gebedsgesprekke met Hom moet ontspanne en gemaklik wees.

Wanneer ‘n kind van God op ‘n punt kom dat hy oor die drumpel van ‘n formele verhouding getree kry en die heerlikheid van ‘n soete binnekamer gemeenskap met sy Hemelse Vader binnegaan, het hy sommer reuse geestelike vooruitgang gemaak. Sy geloofsvlak sal styg wat weer sal lei tot soveel meer gebede wat verhoor sal word. *(“Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom so sal aanbid.”)* (Joh. 4:23).

Die seun sal egter nie sy verhouding met sy Vader misbruik deur dinge te vra wat hy goed weet teen sy Vader se wil is nie want hy het die Vader lief en wil Hom nie in ‘n posisie plaas dat Hy moet nee sê nie want Sy begeerte is juis om Sy liefde vir Sy seun te bewys deur aan sy versoeke te voldoen. Wanneer hy die binnekamer verlaat, wil die Vader hom sien uitgaan met arms vol antwoorde.

‘n Informele verhouding beteken geensins dat die seun minder respek vir sy pa sal hê nie soos wat ons later sal sien.

Soms verkeer ons egter ook onder onhoudbare druk en sal ons gebed dit weerspieël soos toe Jesus in Getsémané bloed gesweet en gepleit het: *“My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by my verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.”* (Matt 26:38-44)

Hoe lyk jou Godsprentjie? Hoe sien jy God? Jou godsbeeld bepaal hoe jy tot God nader en hoe jy sy besluite en wil vir jou lewe interpreteer

……
……
……
……

Raamwerk van 'n model gebed.

Kom ons kyk nou na die gebedsraamwerk wat Jesus vir Sy dissipels gegee het:

- <u>Eerste aan die beurt is God en Sy koninkryk:</u>

  "*Onse Vader* w*at in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;*"

  Lees daarmee saam:*"Dit is saliger om te gee as om te ontvang."* (Hand 20:35) Jesus leer ons nie net wat om te bid nie, maar ook die volgorde van die inhoud van ons gebede. Die seun wat sy Vader liefhet, stel sy Vader bo homself en eer Hom eers, voordat hy sy eie behoeftes voorlê. Hy spreek of sing woorde wat die Vader se hart verbly. Die byvoordeel daarvan is dat hy sy aandag vestig op die grootheid en heerlikheid van sy Vader waardeur sy geloof versterk word om vir homself en andere te bid. Die Bybel gaan eerstens om God, daarna om die mens en wanneer ons daardie prioriteit deurentyd handhaaf, sal Hy ons oplig om die wêreld saam met Hom in besit te neem. Dan sal Sy Koninkryk deur ons pogings soos 'n veldbrand versprei.

- <u>Nou kom onsself aan die beurt:</u>
- *"Onse Vader,"*

  herinner my daaraan dat ons baie kinders is, baie broers en susters en dat ek nie my voordeel bo hulle s'n moet soek nie.

- *"… gee ons vandag ons daaglikse brood;"*

  Hier gaan dit om ons materiële behoeftes. Die Here wat ons gemaak het, weet maar alte goed dat ons elke dag kos vir ons liggame moet inneem en Hy het die natuur so geskape dat daar voldoende vir almal is. Die meeste mense besef egter nie hul afhanklikheid van God nie en bid ook nie, daarom bid ek nie net vir myself nie maar sommer vir hulle ook en in besonder ook vir my broers en susters in die Here. Waarom moet ek hiervoor bid as my Pa vooruit weet wat ek nodig het?

  Eerstens sodat ek nooit soos Eva in die versoeking sal kom om te dink dat ek onafhanklik van my Vader kan lewe nie.

  Tweedens omdat ek gedurende my tye van gebed in innige gemeenskap met Hom verkeer sodat ons verhouding sterker groei, ek Sy gedagtes en weë duideliker kan verstaan en Hy Sy wesensvoortreflikhede (karakter eienskappe) aan my kan oordra; dit in my ingeplant kan word sodat ek Sy beeld sal uitstraal. (2 Kor 3:18).

  Derdens omdat Hy van die begin af wou hê dat ons oor die skepping moet heers, dit bewerk en bewaak. In gebed besin ons oor ons eie behoeftes en oor dié van alles en almal om ons en dien ons ons petisies by die hemel in om ons in staat te stel om ons mandaat uit te voer.

Dit is soos die motorwerktuigkundige wat ‘n werkskaart kry om ‘n bepaalde motor te herstel. Hy ondersoek die motor sorgvuldig, bepaal watter onderdele en materiale hy benodig, teken dit aan en handig die kaart dan by die onderdele afdeling in om uitgereik te word met alles wat hy nodig sal hê om sy opdrag uit te voer. Die onderdele is reeds in voorraad; hy is nie verantwoordelik om dit te vervaardig nie.

As kind van God kan ek my petisie met die grootste vrymoedigheid by my Vader se onderdele- en voorraadkamers indien want beide ek en die werk wat ek vandag moet doen, is Syne. Ja, en dit gaan om vandág se behoeftes. Môre sal ek vra vir die onderdele van die kar wat ek môre moet regmaak. Daarin is ek en die mossie eenders; ons leef net een dag op ‘n slag.

- *“en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe;”*

  Nou kom ons by ons geestelike behoeftes. Wanneer ek agterkom dat ek gesondig het, moet ek dit sommer daar en dan kort en saaklik aan my Vader bely en dan my pad met vreugde verder loop. Om skuld op te loop by die klerewinkel is alreeds verkeerd, maar om daardie rekening maande lank teen my naam te hê is ‘n groot onheil. Later loop ek draaie om die winkel. Net so verloor ek my vrymoedigheid teenoor my Vader as ek geestelike skuld oploop.

  “Ons skulde.” Ons moet ook andere se geestelike lewens voor die Troon opper want die meeste mense is nog nie op die plek om vir hulleself te kan bid nie. Jesus het gevra: “Vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Abraham het ingetree vir die goddelose mense van Sodom en Gomorra. Moses het gevra dat die Here tog nie Sy volk Israel moet uitwis nie. Ja, daar is baie Christene wat so kontak met hul Vader verloor het, dat hul broers en susters maar vir eers vir hulle moet intree.

  “…en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.”

  Ons Vader versoek niemand nie (Jak 1:13) maar ons het ‘n bose vyand wat slim planne maak om ons te pootjie. Ons leef van die wieg tot die graf in ‘n oorlogsone en kan met ons volgende tree vorentoe ‘n landmyn aftrap. Ons alwetende Vader weet egter van elke lokval en waarsku ons betyds maar ons moet waaksaam wees en ag gee op wat Hy sê. Geestelike oorlogvoering. Jesus sê ons moet bid om verlos te word van die bose. Moontlik stuur God engele om die bose magte wat ons omsingel te verdrywe. Ons kant is om te bid. Elke dag kan nog ‘n dag van oorwinning wees! Die “Want” waarmee die volgende sin begin, waarborg oorwinning op grond van die feit dat ons Vader in volkome beheer is.

- *<u>“Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen”</u>*

  ‘n Koning en regter moet met respek behandel word. Tot vandag toe nog is dit ‘n reël in ons howe dat ‘n persoon wat die hof binnegaan terwyl dit in sitting is, ‘n oomblik stilstaan en in die rigting van die voorsitttende regter of landdros buig en so ook wanneer hy die hof verlaat. Jesus sê ons moet ons gebed begin deur op ons Vader

te fokus (voor Hom “te buig”) en voordat ons die Troonkamer verlaat, moet ons dit weer doen. Vir laas moet ons nog wegkyk van onsself en van die skommelende wêreld om ons, Hom in Sy heerlikheid aanskou en Hom aanbid. Die prentjie van Sy glorie sal dan dwarsdeur die dag voor ons oë wees. Gevolglik sal ons die skild van ons geloof hoog voor ons ophou en al die vurige pyle van die bose uitblus.

“Amen.” “Dit is waaragtig soos wat ek so pas gebid het,” is die woorde waarmee ek my Vader groet wanneer ek vertrek.

Merk jy dat die Onse vader gebed drie U-bedes en drie Ons-bedes het. As jy dink aan die wet soos Jesus dit voorhou, watter verband hou die manier waarop Jesus ons leer?

……
……
……
……..

Bid nou die Onse Vader gebed.

Onse Vader

Onse Vader wat in die hemele is,
laat u naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die bose.

Amen.

Dag 4

Aanvullende gedagtes oor die Onse Vader gebed

Ons het gister dieper gedelf in die Onse Vader gebed. Ek lees egter die volgende oor hierdie gebed van die Here. Ons ken hierdie gebed amper te goed. Ons ken dit as ‘n rympie of ‘n lied. Daar word gesê dat gebed die ‘bidder’ transformeer. Met ander woorde elke keer as ons gebid het, gebeur iets in ons, met ons en groei ons. Daarom begin ons vandag die dag deur weer die Onse Vader gebed te lees, maar met ‘n totale ingesteldheid op dit wat God ons wil leer. Jy sal sien dat hierdie eintlik ‘n gevaarlike gebed is om te bid.

Ek kan nie bid ONSE as ek net vir myself leef nie

Ek kan nie bid VADER as ek nie sy kind geword het nie.

Ek kan nie bid WAT IN DIE HEMEL IS as ek nog aardgebonde is nie

Ek kan nie bid LAAT U NAAM GEHEILIG WORD as ek dit ydellik gebruik nie.

Ek kan nie bid LAAT U KONINKRYK KOM as ek nie sy Woord uitdra nie.

Ek kan nie bid LAAT U WIL GESKIED as ek altyd my eie sin wil hê nie.

Ek kan nie bid SOOS IN DIE HEMEL, NET SO OOK OP DIE AARDE as jy nie in die hemel glo nie.

Ek kan nie bid GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD as ek spandabelrig lewe nie.

Ek kan nie bid VERGEEF ONS ONS SKULDE as ek nie berou het nie.

Ek kan nie bid SOOS ONS ONS SKULDENAARS VERGEWE en met ‘n wrok rondloop nie.

Ek kan nie bid EN LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, as ek heeltyd na versoeking toe gaan nie.

Ek kan nie bid MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE as jy die bose gaan uitsoek nie.

Ek kan nie bid WANT AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK as ek Jesus nie dien nie.

Ek kan nie bid EN DIE KRAG as daar nog vrees in my hart is nie

Ek kan nie bid EN DIE HEERLIKHEID KOM as ek my lewe regeer nie.

Ek kan nie bid TOT IN EWIGHEID as ek nie sy koms verwag nie.

Ek kan nie sê AMEN as ek nie kinderlik glo nie.

Daarom, mag jy vanoggend die Onse Vader gebed, werklik bid!

Hoe leer hierdie gebed ons bid:

- Dit leer ons dat ons tot God die Vader bid (God word verskillende name genoem in die Woord)
- In die Naam van Jesus Christus (Hy het ongelooflik baie name)
- Deur die krag van die Heilige Gees
- Gelowig (glo wat jy bid)
- Volgens God se wil
- Opreg

Wat sê hierdie gebed oor God wanneer ons dit bid:

Onse Vader wat in die Hemele is…

Onse Vader is die Hoorder van die gebed. Hy is God. Hy is die Allerhoogste. Hy is Skepper. Ken Hom as jou Vader. Leef in eerbied van die Vader. God is die Koning. Hy vul die Hemel en die aarde met sy teenwoordigheid. Vir ewig. Alles word onderworpe gestel aan God.

Laat U Naam geheilig word...

God is self heilig. Heilig beteken opsy gesit vir ‘n doel. Ons moet streef na heiligheid. Jy is geklee in Christus. Jy moet God aanbid, loof en eer. Sy Naam, Sy Eer, Sy

Heerlikheid. Sy Grootheid. Sy almag word erken en besing. Hy is Heerser. Hy is die Ewige- sonder begin en sonder einde. Die Eén wat genoeg is. Die Verbondmaker. Die een wat verhoudinge herstel. Voorsiener. Vredevors. Herder. Altyd hier.

Laat U Koninkryk kom…

Streef daarna om te lewe volgens sy wil. Soek God se regverdigheid. Soek eers die Koninkryk en die res sal bygevoeg word. Sy Koninkryk is om reg te probeer lewe. Begeer die koms van die Koninkryk. Dors na God se wil

Laat U wil geskied, soos in die Hemel net so ook op die aarde.

Innerlike dors vir ‘n hemelse greep. Altyd God se wil, nie ons wil nie. Wat ons in die Hemele vra sal op die aarde ook geskied. Hy bind die hemele en die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood…

Benader jou fisiese lewe geestelik. Dis nie net kos nie, maar die eindproduk van die lewensproses: klimaat, landbou, ekonomie, staat/owerheid ens. Bid vir alle mense (voorbidding). Die totale materiële lewe, nie rykdom nie. Jou geestelike behoeftes saam met jou alledaagse benodighede.

En vergeet ons ons skulde net soos ons ook ons skuldenaars vergewe

Bely elke dag jou sonde. Vergewe elke dag almal wat teen jou gesondig het. Wees genadig soos God genadig is met jou.

En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Wees waaksaam teen verkeerde goed en God sal jou bewaar teen die aanslae. Bid vir veiligheid en beskerming teen dit wat die bose teen jou optrek.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Jy bevestig God se Grootheid, krag en heerlikheid deur hoe jy lewe. Jy bevestig jou hele wese behoort aan God en waarvoor Hy staan. Danksegging vir Sy genade en versorging.

Amen.

Hierdeur bevestig jy alles wat gebid is en seël dit af met jou geloof.

Watter gedagtes rondom gebed het hierdie twee dae se uitleg van die Onse Vader gebed vir jou gelos

……
……
……
……

Wat het hierdie gebed in jou verander/ getransformeer.

……
……
……
……

Dag 5

Struikelblokke in ons gebedslewe

Watter sake rondom gebed maak dit vir jou moeilik om ‘n toegewyde gebedslewe vol te hou?

……
……
……

Gebed is maklik om oor te praat maar moeilik om te beoefen.

Gebed is ‘n onderwerp so wyd en diep soos die oseane wat ons omring. Oral in die Woord duik dit op. Dit is dus maklik om ‘n preek of lesing oor gebed uit te werk, maar vir vlees en bloed moeilik om te beoefen. Wanneer in ‘n byeenkoms gevra word wie gebed benodig en waarvoor, sal die aanwesiges 15 minute lank vir mekaar van hul behoeftes vertel, maar wanneer geleentheid gegee word om dié behoeftes nou net so aan hul Vader oor te dra, is die meerderheid tjoepstil.

Gebed is kommunikasie tussen God en mens.

Baba-, tiener-, jongmens- en grootmens gebede.

‘n Baba kommunikeer met sy ma deur te huil of te lag; ‘n kleuter babbel; ‘n tiener loop oor van sy/haar drome en teleurstellings; ‘n mondige jongmens begin al agterkom dat daar meer dinge is om oor te praat as net oor sy eie klein wêreld; ‘n jongman van 28 kan saam met sy pa by die raadstafel aansit en sinvol oor die familie se plaas, industrieë, vloot of lugredery praat.

Waar staan ek in my gebedslewe; huil en lag; onnadenkende babbel; droom verlore; onrealistiese versoeke en trane oor teleurstellings; versigtige voel-voel voorbidding vir ‘n nuut ontdekte wêreld buite myself of in-diepte gesprekke en besinning oor Koninkryksaangeleenthede?

……..

Ons Hemelse Vader geniet al ons gebede; van die wieg tot die graf.

‘n Liefdevolle ouer geniet gelukkig elke fase van sy kind se kommunikasie met hom en volg sy vordering en rypwording met belangstelling en genot. Dit is slegs wanneer die kind nie meer by pa en ma kom sit en gesels nie, dat hulle harte seer is; hulle dalk ‘n traan wegvee. Wanneer laas het ek ‘n bietjie by my Pa gaan sit en gesels?

Koes die Here eenkant toe wanneer jy wegtrek met jou trein-gebed ?

Gebed is twee-rigting kommunikasie. Moenie net jou storie uitstort en dan uithardloop om te gaan speel nie. Daar is baie dinge wat Hy vir jou wil sê; beide oor wat jy so pas vir Hom gesê het en sommer ook oor allerhande ander dinge. Bly net ‘n bietjie stil dat Hy ‘n woord kan inkry. Daardie sterk indruk wat in jou hart opkom; wag verder op Hom, dan sal Hy dit óf wegneem óf sterker na vore bring. Daardie prentjie voor jou geestesoog (noem dit ‘n visioen as jy wil); dit bevat dalk ‘n kosbare bemoediging of aanduiding van die koers wat jy moet inslaan.

Gebede wat keer op keer die kol tref.

Die vrugbaarste gebede is dié wat gebid word wanneer die Heilige Gees in volle beheer van die voorbidder is, want Hy weet wat die bidder, d.w.s. mý behoeftes is, maar ook wat God die Vader se “behoeftes” is, d.w.s. wat die dinge is waarvoor die Vader my wil gebruik om voor te bid.

Skryf in by Jesus se Skool van Gebed…*“HERE, LEER ONS BID!”*

Skryf vir God ‘n brief…’n liefdesbrief soos wat jy vir ‘n geliefde of ‘n spesiale familie lid sou skryf. Vertel Hom wat jy van Hom geniet en hoe Hy jou laat voel.

……
……
……
……
……
……

……
……
……
……
……
……

Dag 6

Die teenkant: Help dit nog om te bid?

Bid jy, maar niks verander nie? Word alle gebede verhoor? Het jy al gebid en dan voel dit vir jou asof die winkel toe is, of asof jy bel en niemand antwoord nie?

Wat is jou reaksie hierop?

……
……
……..

Wat sê die Bybel?

Ek dink daar is by baie kinders van God hierdie spanning. Aan die een kant sê God:

- Roep my aan in die dag van jou benoudheid: Ek sal jou uithelp … (Ps 50:15)
- …vra net wat julle wil hê en julle sal dit kry (Joh. 15:7)
- En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra (1 Joh 5:14).

Aan die ander kant sit ons met ‘n God wat ons skynbaar nie hoor nie. Daar is vele voorbeelde daarvan in die Bybel: “Dit was toe dat ek die Here gesmeek het: ‘Here my God, U het begin om my u grootheid en u groot mag te laat ondervind. Watter god is daar, in die hemel of op die aarde, wat u magtige dade kan nadoen? Laat my tog nou deur die Jordaan gaan om hierdie mooi land te gaan bekyk, die mooi Bergwêreld en die Libanon. Maar deur julle toedoen het die Here destyds vir my kwaad geword en daarom het Hy nie nou my gebed verhoor nie. Hy het vir my gesê: “Jy het nou al genoeg daaroor gepraat. Moenie weer met My oor hierdie saak praat nie” (Deut. 3:24-26)

En dan lees jy in 2 Korintiërs 12:7b-8: “Daarom sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ‘n doring in die vlees gegee, ‘n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: “My genade was vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees”.

Dit laat mense met reg vra waar God is.

Watter ander skrifgedeeltes of Bybelkarakters kan jy aan dink en noem wat dieselfde ervaring gehad het as Paulus in 2 Kor?

……
……
……

Wanneer niks gebeur nie.

Jy het dalk al by ‘n siekbed gesit van iemand vir wie jy baie lief is en gebid dat die Here daardie persoon moet genees, en dan gebeur dit net nie. Dan sterf daardie persoon. Daar is ‘n groep mense wat sê: “Jou geloof is te klein, jy moet net meer geloof hê”. Dit beteken dat gebed “suksesvol” is as jy hard genoeg glo. Die krag van gebed lê dan by die bidder. Dit kan nie wees nie, die krag van gebed lê in God. Paulus was seker een van die ‘sterkste’ gelowiges en tog het God nie sy gebed verhoor nie.

Dan weer is daar ander mense wat sê: “Jy bid verkeerd”. Dit mag dalk so wees, Jakobus 4:3 sê dat as jy met die verkeerde gesindheid bid God nie jou gebede sal verhoor nie. Ons mag egter nooit dink dat God nie ons gebede verhoor nie omdat ons nie die regte formules of toorwoorde gebruik het nie.

Dit kan ook sonde wees. Jesaja 59:1-2 sê: “Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.” Sonde bring skeiding tussen mense en God.

Maar ons weet dat Jesus kom leer het dat wanneer “jy jou sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid” -1 Joh 1: 9. Dus God gee geleentheid dat dinge reggestel kan word indien sonde in die pad staan.

As God nee sê

Die vraag wat gevra moet word, is of daar ooit so iets is soos onverhoorde gebede. Het God Paulus se gebed verhoor? Natuurlik het God Paulus se gebed geantwoord, maar God antwoord anders as wat Paulus wou gehad het.

God hoor altyd jou gebede.

Of jy dit nou verkeerd bid, of jy nie die regte formules of volgorde gebruik nie, of jou geloof nie baie sterk is nie, dit maak regtig nie saak nie. God hoor jou en Hy antwoord altyd. Ja, miskien antwoord Hy nie soos jy wou hê nie.

Is NEE ook ‘n antwoord? En WAG ‘n BIETJIE, DALK LATER? God kan mos NEE sê op een van jou versoeke. Jy lees nou hier en sê: “Dit is alles goed en wel, maar dit

help my nie, ek het groot nood. Ek is sielsongelukkig in my huis. My ouers behandel my sleg. My kinders is op die verkeerde pad. My vrou/man/kind is ernstig siek. My huwelik is op die rotse. Ek is bankrot. Ek ervaar God se NEE as ‘n klap in die gesig”.

Ek verstaan nie hoekom God nie jou omstandighede verander nie. Ek verstaan nie hoekom God soms NEE sê nie. God se NEE is egter nooit liefdeloos en ‘n klap in jou gesig nie.

Paulus se gebed het nie sy omstandighede verander nie, dit het hóm verander. Die oomblik toe hy God se genade ontvang en ervaar, verander hy. Kyk wat staan daar in 2 Korintiërs 12:9c-10: *Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.*

Daarom kan jy weet as God soms NEE sê, dan weet Hy waarom dit so is, maar Hy los jou nooit net so alleen nie, want God se NEE is altyd ‘n JA vir sy genade.

Jy sê dalk: Ek soek uitkoms, ek soek nie genade nie! Dan weet jy nie wat jy sê nie. God is ‘n ekspert met genade. God boer met genade, dit is die wonderlikste gawe wat Hy gee. God sê deur sy genade: “Ek sien om na jou, Ek gee om, Ek slaan as’t ware my arms om jou”.

God antwoord altyd alle gebede

Die meeste van die tyd sê Hy *ja*, soms *wag ‘n bietjie,* ander kere *nee*, maar God se *nee* is nooit ‘n harde en hartelose nee nie; sy nee is gevul met deernis en vriendelikheid en liefde en sorg. God laat alles ten goede meewerk (Rom 8:28). God hoor jou en weet wat die beste vir jou is. Dit beteken dat jy eintlik moet ja sê vir God se nee: dit is nie ‘n passiewe aanvaarding van jou omstandighede nie, maar ‘n aktiewe oorgawe aan God se wil. Daarom kan jy Hom vra: “Gee my genade, wat genoeg is om my sterk te maak, al is ek swak”.

(Deur ds Peet Grobelaar – uit die boek “Die 50 Grootste Geloofsvrae”)

Ek onthou toe ek nog tentmaker predikant was by Laerskool Unika, het ek een keer ‘n les aangebied oor hierdie kwessie vir kinders. Die metafoor wat ek gebruik het was die van ‘n verkeerslig. Die rooi lig, die NEE, beteken dat dit veiliger is vir jou om nie nou vorentoe te beweeg nie. Die lig beteken ook nie noodwendig dat dit vir altyd rooi gaan wees nie maar dat jy nog moet wag. Ek onthou ‘n tyd toe ek gebid het vir ‘n ander beroep. Die antwoord was NEE. Tog het die lig verander later in ‘n groen lig.

Nie al ons gebede kan onmiddellik die groen lig, die “ja” kry nie. Somtyds kry ons die “wag ‘n bietjie”, of “stadiger”, die oranje lig.

Kan jy aan tye in jou lewe dink toe God vir jou ‘n NEE, ‘n rooi lig gegee het?

……
……

Wat het jy oor God geleer na die tyd … met verloop van tyd?

……
……

Kan jy dink aan tye van jou gebedslewe waar God die “wag-‘n-bietjie”, die oranje lig gegee het? Hoe sien dink jy nou oor daardie antwoord in jou lewe? Wat het jy van jouself of van God geleer daaruit?

……
……
……
……

Kan jy daardie wonderlike oomblikke onthou toe God onmiddellik ‘n “ja”, ‘n groen lig gegee het? Wat het jy oor jouself en oor God geleer uit daardie ervarings?

……
……
……
……

Baie dankie dat jy saam gereis het in ons eerste beweging om te nader aan God en méér voor Sy aangesig te leef. Soos ds Johan dit gestel het, dat God minder van my rugkant beleef. Ons wil Sy gesig opsoek en Hom leer ken en ‘n intiemer verhouding met Hom hê.

Die tweede reeks van hierdie tema oor gebed sal ons in die tweede kwartaal aanbied oor alternatiewe vorme van gebed aan die hand van Adéle Calhoun se boek “*Spiritual disciplines handbook*”.

Ons sluit af om ‘n paar wenke te los wat jou gebedslewe verder kan verryk:

- Vind ‘n spesifieke en spesiale ruimte in jou huis waar jy jou stiltetyd kan inrig. Dit moet ‘n gemaklike (maar nie té gemaklik wees soos jou Lazyboy stoel waar jy aan die slaap gaan raak nie)
- Rig hierdie tydjie as ‘n ritueel in. Maak vir jou ‘n koppie koffie of tee. Sit doelbewus jou foon af. Trek die kamerdeur toe. Dit moet hierdie gebedstyd vir jou spesiaal en heilig maak.
- Dink buite die boks oor jou gebedslewe: byvoorbeeld bid terwyl jy gaan stap. Bid terwyl jy inkopies doen, elke item wat jy ingooi in jou mandjie, ‘n dankgebed of voorbidding vir diegene wat dit nie het nie.
- Boek jou gebedstyd as ‘n afspraak in jou dagboek om hierdie gewoonte te kweek. Dit is in essensie die belangrikste afspraak van jou dag- met jou hemelse Vader. Dit moet onderhandelbaar en hoë prioriteit geniet.
- Kry vir jou ‘n gebedsjoernaal waar jy jou gebede neerskryf. Daar is groot waarde daarin om te skryf en na die tyd terug te gaan en te gaan kyk hoe getrou God was om jou gebede te beantwoord.
  ‘n Paar goed wat jou kan aanmoedig om te skryf:
  Skryf wat was vir jou die beste deel of die slegste deel van jou dag?
  Skryf wanneer in jou dag/ watter ervaring het jou die naaste aan God laat voel, en wat in jou dag het jou die verste van Hom af laat voel?
  Maak ‘n lys van goed waarvoor jy dankbaar is.
  Skryf die name neer van mense vir wie jy voorbidding wil doen.
- Gebed is nie net om met God te praat nie…maar ook te luister na Sy stem. Oefen om stil te word in jouself. Dr Willem Nicol se boek “Stem in die Stilte” het wonderlike riglyne oor hoe jy hierdie gewoonte kan versterk.

Neem asseblief vrymoedigheid om met enige een van die leraars te gesels indien jy verdere stof of hulpbronne nodig het. Ons sien uit om ons volgende reeks oor gebed met julle in die tweede kwartaal te volg.

Voltooi asseblief die volgende vraelys as terugvoer oor jou ervaring oor hierdie materiaal en jou ervaring. Skeur hierdie asseblief uit jou boekie en gooi in die boks in die voorportaal gemerk “Kommentaar”.

Op ‘n skaal van 1-10 merk asseblief.

- 1 – Stem glad nie saam nie en 10 – stem volledig saam.

1. Ek het deur hierdie materiaal en die literatuur wat gebruik is vir ‘n dieper Bybel verstaan oor gebed.

   1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

2. Ek het meer areas ontdek waarin ek graag sal wil groei.
   1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

3. Oor watter areas van gebed sal jy nog meer te wete wou kom?
   ……
   ……
   ……
   ……